*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die partypolitiek sien in elke verdienstelike Afrikaner 'n moontlike mededinger en probeer hom dus uitskakel.*

# Die O.B.

*Die Ossewabrandwag sien in elke verdienstelike Afrikaner 'n moontlike medewerker en probeer hom dus inskakel.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 21 APRIL 1943. No. 22.

## Ossewabrandwag kan Staat met Uitgewerkte Plan Oorneem

### Genl. Smith oor Krag van Volksbeweging

**Die Ossewabrandwaggedagte wat die Afrikaanse produk van die nuwe wêreldwye idee van die toekoms is en wat uit eie volksverlede gegroei het — daardie idee van Christelike broederskap en hoederskap binne 'n volk, was die hooftema in 'n toespraak wat genl. J. A. Smith, A.K.G., verlede week voor 'n vergadering van Kaapstadse offisiere gehou het onder voorsitterskap van hoofgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl.**

**Genl. Smith het ook verwys na die Ossewabrandwag se houding in verband met godsdiens en die kerk. Sy verhouding is nie iets waaroor daar gegis hoef te word nie, want dit is reeds vasgelê in sy opgestelde beleid onder leiding van kerkmanne. Die Ossewabrandwag wil toesien dat die godsdiens van die volk behoorlik beskerm word en dat die beginsels wat deur die kerk gepreek word, in die staatspraktyk verwesenlik word. Dit is alles haarfyn uitgewerk.**

Spr. het begin deur daarop te wys dat die volksbeweging niks anders is nie as die volkskoers en daarom sluit dit ook daardie volkselemente buite die organisasie in wat op die volkskoers staan. Ons dink nie in terme van koppe as ons van die Ossewabrandwag se krag praat nie. **Deur die verbod op staatsamptenare het die O.B. tienduisende ingeskrewe lede verloor, maar daardie mense word nogtans beskou as deel van die volksbeweging omdat hulle nog op die volkskoers staan. Daar is selfs mense vandag wat aan organisasies behoort wat ons beveg wat inderdaad aan die Ossewabrandwag behoort, want hulle is potensiële en daadwerklike kragte van die volksbeweging, die volkskoers.** Daarom sê ons hierdie Ossewabrandwag-idee is 'n gedagte wat uit die volk kom en deur die volk aanvaar is; dit is die volkse helpmekaargedagte van Christelike broederskap en hoederskap. As sommige sê dit is nasionaal-sosialisme, antwoord ons dat ons nie omgee wat die naam is nie, want ons staan vir die idee, **en wel 'n idee wat eie was aan ons volk sedert sy ontstaan: een Afrikaner vir almal en almal vir elkeen. En as daar sommige mense is wat sê ons is nie ware nasionaal-sosialiste nie, maar hulle is dit eintlik, dan stel die O.B. die vraag: Is dit wat julle „beter nasionaal-sosialisme" noem nie miskien net daardie element wat vreemd aan ons volk is nie?** Dit is wel 'n wêreldwye gedagte, maar 'n gedagte wat eiesoortig uit ons volk gegroei het.

#### ONDERBREEK

Hierdie gedagte van nasionale broederskap is tydelik deur die invoering van die partystelsel sedert 1910 verdring deur die party-idee wat 'n ingevoerde onding is. Toe is nie meer die broederskap raakgesien nie, maar die lidmaatskap aan 'n party en wie nie binne die party was nie is beveg en belaster, of dit nou volksgenote was of nie. Daar is ringe gevorm wat in mede-Afrikaners hul vyande gesien het wat belaster moes word en ons volk het homself magteloos en dood gelaster. En solank ons hierdie stelsel volg, sal geen ramp ooit afgewend kan word nie.

Voortgaande het genl. Smith na die Elsburgse verklaring verwys as van net so revolusionêre belang vir die Afrikanerdom as wat Luther se verklaring in Wittenburg vir die Christendom was. **Dit het gebreek met die ou idee van partyskappe en die breëre eenheid verkondig op grond waarvan ons alle goeie Afrikaners wat republikeinsgesind is welkom heet ongeag of hulle hulself nasionaliste of nasionaal-sosialiste noem.**

As gevra word hoe gaan die O.B. die vryheid kry, dan antwoord ons **dat hy die Afrikanerdom so wil dissiplineer en voorberei dat hy in staat sal wees om enige middel wat die omstandighede mag voordoen, te baat sal neem om sy vryheid te verwerf.** Ons wil onsself voorberei om in alle omstandighede en ten alle tye ons man te staan en ons slag te slaan. Maar wat kan die partystelsel doen? **Toe Duitsland na die vorige oorlog verpletter was, het die partystelsel hom steeds dieper in die ellende gesleep, maar binne ses jaar nadat hy die volksbeweging aanvaar het, was hy so sterk dat ons vandag in Kaapstad in die donker moet rondkruip.** Daarenteen staan die voorbeeld van Frankryk wat as oorwinnaar al die buit gekry het. **Sy partystelsel het hom so magteloos gemaak dat op die oomblik toe die Duitsers deur die Maginot-linie bars, daar vir oulaas nog 'n kabinetskrisis was! En vandag lê Frankryk magteloos en almal hap stukke uit sy ryk — selfs Smuts het Madagaskar gehap. Frankryk het die weg van die partystelsel gevolg en Duitsland die weg van die volksbeweging.**

#### UITGEWERKTE BELEID

Vir die Afrikanervolk is daar ook net een redding en dit is die volksbeweging. Deur die Ossewabrandwag se beleidsafdeling is daar 'n massa werk verrig. Die beleid ten opsigte van alle aangeleenthede is in besonderhede uitgewerk, en dit kon gedoen word omdat hier geen oorweging vir stemme was nie. **'n Party kan dit nie doen nie, want hy moet rekening hou met die begeertes van die Joodse kieser sowel as die boer en arbeider. Die O.B. se beleid is klaar uitgewerk en indien daar vannag 'n wonderwerk sou gebeur, sal die Ossewabrandwag sonder stoot of haak die staat oorneem.** Daarom moet offisiere die skakels stewig hou, want die volk van Suid-Afrika verwag dat hulle die funksie van die nuwe staat sal uitvoer. Met handhawing van die kommando-stelsel is daar 'n nuwe indeling gemaak waarvolgens die Unie in nege belange-streke verdeel word. Meer besonderhede omtrent hierdie indeling sal later bekend gemaak word. Daar word in verband hiermee nie uitgegaan van die kapitalistiese standpunt dat die werknemer en werkgewer verskillende belange het nie. Almal wat verbonde is aan dieselfde soort werk word saamgeskakel, werkgewer en werknemer. En die verskillende belange word by die staat verteenwoordig deur diegene wat aan daardie belange verbonde is, en nie deur diegene wat die grootste lawaai op 'n platform kan maak nie. Ook is die verhouding tussen staat en kerk uitgewerk en wel deur vooraanstaande kerkleiers. Die Ossewabrandwag wil die godsdiens van die volk beskerm en die beginsels wat gepreek word in die praktyk verwesenlik.

Die ekonomiese beleid vereis radikale optrede, want daar is groot misstande, by voorbeeld die feit dat 97½ persent van ons volk se beleggings in vreemde hande is. **Geen party kan hieraan iets doen nie, want sodra hy met so 'n beleid kom, sal hy geen setel ruik nie.**

Ten slotte het genl. Smith op die vrugteloosheid van die stembus as wapen gewys. Die Afrikanerdom het sedert 1910 nog net eenmaal by 'n stembus aan bewind gekom **en dit was toe hy 'n bondgenootskap gesluit het met die imperialistiesgesinde Arbeidersparty.** Dog alleen kon hy nog nooit die paal haal nie. Watter hoop het hy nou waar die verhouding tot die uitlandse en nie-blanke elemente nog ongunstiger is as destyds? **En hoe kan die stembus ooit die kommunisme vernietig? As die kommunistiese kandidaat in Soutrivier verslaan word, beteken dit dan dat die kommunisme opgehou het om in Soutrivier te bestaan? het spr. gevra. Nee, inteendeel. Het hy geen kans by die stembus nie, sal hy op onkonstitusionele wyse optree, soos daar baie voorbeelde bestaan. Waar die gevaar vandag buite-parlementêr is, kan dit slegs beveg word deur 'n buite-parlementêre volksbeweging soos die Ossewabrandwag.**

Om mense vandag op te sweep om deel te neem aan 'n verkiesing waar daar geen eenheidsfront bestaan nie, sodat republikein nog teen republikein moet gaan veg, beteken om die volk in hierdie toestand van gevaar op te roep tot groter bitterheid en groter verdeeldheid, het genl. Smith beklemtoon.

## Kommunistiese Toename in Britse Ryk

In die kommunistiese koerant, Guardian, van 8 April, word verwys na die groei van kommunistiese partye. „Die ledetal van die Indiese Kommunistiese Party het in die afgelope **ses maande** meer as verdubbel", lui die berig. „Die Australiese Kommunistiese Party het so ewe sy eerste kongres gehou sedert die verbod op sy bestaan opgehef is. Sy ledetal is nou 20,000 met sestien kandidate ingeskryf vir vanjaar se federale verkiesings."

In Engeland tel die Kommunistiese Party reeds 70,000 ingeskrewe lede, **maar, volgens die blad, word staat gemaak op die steun van vakbonde met 'n ledetal van 8 miljoen.** Uit eie ondervinding weet ons dat meeste vakbonde in kommunistiese hande is. Niemand minder nie as min. Harry Lawrence het verlede week hierdie feit erken toe hy gesê het dat die grootste teenstand teen sy kleurlingraad afkomstig is van „linkse of kommunistiese vakbonde wat beheer word deur 'n klein groepie blankes, Indiërs, naturelle en 'n paar kleurlinge".

In aanmerking geneem dat die grootste deel van die nieblanke-bevolking — waar die krag van die kommuniste lê — nie stemgeregtig is nie en dat die Kommunistiese Party in Suid-Afrika voornemens is om ten spyte hiervan minstens nege setels in die verkiesing te betwis, kan 'n begrip gevorm word van hul geweldige groei in ons eie land.

### TEEN WIE VEG HULLE?

Die Nasionale Pers het sy werknemers verbied om aan die republikeinse Ossewabrandwag te behoort. Hulle het nog nooit hul werknemers verbied om aan die Empire-party te behoort nie.

**Teen wie veg hierdie politici dan** — teen die **Britse** Imperialisme of teen die **republikeinse** Ossewabrandwag?

### STAP VIR STAP

Nog 'n demokratiese gebruik is verlede week oorboord gesmyt deur ons oorlogsregering. In die partystelsel is die beleid gevolg dat 'n kabinet eenstemmig moet wees ten opsigte van beleidsake. Sodra 'n lid van die kabinet nie kan saamgaan met die beleid wat toegepas word nie, tree hy uit en maak plek vir iemand wat dit wel kan onderskryf en die regering steun. Verlede week het daar so 'n verskil van mening ontstaan toe min. J. H. Hofmeyr hom weens sy liberalisme nie kon vereenselwig met die voorgestelde wetgewing teen Indiër-indringing in blanke gebiede nie. Hy het oudergewoonte sy bedanking „formeel" ingedien, maar besluit om maar in die kabinet te bly, aangesien die taak van die huidige bewind eintlik is om oorlog te voer. Binnelandse sakies soos kleurvraagstukke is maar sommer nietighede wat so in die verbygaan afgehandel word.

Die demokrasie word deur sy eie kampvegters stap vir stap omvergewerp. So word die revolusie na die gesagstaat volbring.

### GEVANGENES SE DANK

Onderstaande dankbetuiging is ingestuur deur 'n paar Afrikaners wat maandelank in die tronk op verhoor gesit en wag het:

„Hiermee wil ons die Ossewabrandwag, manne- en vroue-afdelings, baie hartlik bedank vir alles wat hulle vir ons gedoen het. Ons is niks, ons leier, volk en land is alles.

My God, my Volk, my Land Suid-Afrika!

(Get.) G. MOOLENBEEK,
(namens T. T. Schwellnus, T. P. Käber, C. R. Weilbach, U. Gaum, T. W. Lyons en G. Moolenbeek.)"



DIE O.B., WOENSDAG, 21 APR. 1943

# „Vryheid om Vryheid te Vernietig"

„Die een vryheid wat ons nie kan toelaat nie is die vryheid om vryheid te vernietig," skryf die liberalistiese blad The Forum van 10 April in 'n artikel waarin hy 'n steek gee na die Christelike nasionalisme wat in ons land bepleit word, ook deur die Ossewabrandwag.

Hoewel die liberalisme die vryheid verkondig van **elkeen om sy eie heil uit te werk,** het die Afrikanerdom nog altyd net met die onverdraagsaamheid van die liberalisme te doen gehad — hierdie beleid van hom om geen vryheid toe te laat wat die vryheid van die liberalisme sal vernietig nie. **Calvinisties** in ons oorsprong is die eerste planting van die Afrikanerdom ten tyde van die Hollandse Oos-Indiese Kompanie deur wetgewing beskerm teen die vryheid van ander om sy geestelike eiendomme te vernietig. Daar was naamlik die bepaling dat alleen mense wat die Protestantse geloof toegedaan was, toegelaat sou word om na Suid-Afrika te kom. Volgens liberalistiese beginsels sou mens reken, het hierdie Calvinistiese volksplanters die vryheid gehad om te bepaal wat hul lewenshouding en die van hul kinders sou wees, **maar toe hierdie Calvinistiese volk later sy geestelike besit wou handhaaf deur middel van onderwys op Calvinistiese grondslag, toe moes hy die grootste verguising en vyandskap verduur van die kant van daardie pleitbesorgers van die vryheid, en met owerheidsgeweld is daardie geestelike mure vernietig en word dit vandag nog in puin gehou — ook deur 'n „gewetensklousule".**

**Diets** in ons oorsprong sou 'n mens reken dat die Afrikanerdom die vryheid moes gehad het, volgens liberalistiese beginsels, om Diets te bly, **maar toe hy later in sy eie staat in Transvaal deur wetgewing probeer het om daardie Dietse herkoms van hom te bestendig, was dit die aanleiding vir die liberalistiesgesinde Groot-Brittanje om die Afrikanerstaat met wapengeweld te vernietig.**

**Afrikaans** van spraak sou 'n mens reken dat die Afrikanervolk die vryheid moes hê, volgens liberalistiese beginsels, om te bepaal wat die taal sal wees waarin sy kind opgevoed moet word, **maar wanneer die Afrikanervolk vir hom sy Afrikaansmedium-skole oprig, gebeur dit slegs in die aangesig van die grootste verset van die kant van die liberalisme wat vir vryheid staan. En wanneer hierdie liberaliste weer aan bewind van sake kom, moet die Afrikaansmedium-skole van die toneel verdwyn.**

**Christelik in sy oorsprong** sou 'n mens reken dat, volgens liberalistiese beginsels, die Afrikaner-arbeider die vryheid moes hê om vir hom 'n eie Christelik-nasionale organisasie te stig wanneer hy nie met die kommunisme wil saamgaan nie, **maar toe die Afrikaanse mynwerkers tot daardie stap oorgaan, is hulle van liberalistiese kant met die banvloek getref en hul brood is hulle deur 'n geslote-deur-stelsel uit die mond geneem, en die liberalistiese owerheid het ingegryp om 'n Spoorbond in flarde te skeur.**

(Inderdaad het die Afrikaner geleer wat die Bybelwoord beteken: Die genade van die goddelose is wreed!)

En van uit liberalistiese oogpunt beskou dat elkeen die vryheid het om sy eie heil uit te werk, sou 'n mens reken dat die Afrikanervolk die vryheid moes hê om sy eie staatstelsel te bepaal, maar wanneer 'n volksbeweging gestig word wat die ondersteuning van honderdduisende Afrikaners geniet het, dan is dit juis die liberaliste wat vir ons beduie dat dit 'n „vyfdekolonne" en 'n bedreiging van die „Afrikanertradisie" is! **Dan word by die owerheid gepleit om hierdie volksbeweging se leiers in die tronke te smyt of selfs teen die muur te sit!**

Die liberalisme is uiters onverdraagsaam wanneer 'n ander se vryheid bots met hul opvatting van vryheid, **maar aan die ander kant uiters lankmoedig wanneer die vryheid van die enkeling deur die vryheid van 'n ander enkeling**

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

**opgeslurp word totdat hy nog net die vryheid oor het om die ander se slaaf te wees. Onder hierdie vryheid van die liberalisme het onafhanklike volke van die wêreldtoneel verdwyn om geen ander rede nie as dat hulle te swak was om hulself te verdedig, en onder hierdie vryheid van die liberalisme het enkelinge hul ekonomiese selfstandigheid verloor om geen ander rede nie as dat daar ander was wat sterker was as hulle.**

Die vryheid van die liberalisme is die vryheid wat die skaap en die wolf vrylaat om te doen wat hulle wil, maar as iemand vir die skaap 'n kraal wil bou om hom teen die vryheid van die wolf te beskerm, dan is dit 'n aanslag op die beginsel van vryheid en „die een vryheid wat ons nie kan toelaat nie, is die vryheid om vryheid te vernietig".

Ja, die vryheid van die liberalisme is inderdaad beperk! **En daarom het die Ossewabrandwag oorlog verklaar aan hierdie stelsel wat die een volk in naam van vryheid belet om homself te wees en die ander in die naam van vryheid toelaat om homself plus die ander te wees; wat die een enkeling toelaat om ryker te word en die ander om armer te word en wat in naam van vryheid 'n kommunistiese beweging toelaat omdat dit wêreldburgerskap verkondig maar 'n Afrikaanse volksbeweging ban omdat dit Christelike broederskap en nasionale hoederskap bepleit.**

Maar wat is nou die wesenlike verskil tussen die vryheid van die liberalisme wat so oorhoeks is en dié van die Ossewabrandwag? Die artikel waarna ons verwys het, gee self die oplossing waar hy verklaar dat liberalisme „humanisme" is en dat, om dit volmaak te maak, daar „Christelik" bygevoeg behoort te word — maar **„nie in 'n teologiese sin nie,** dog in die sin van 'n geestelike uitkyk".

**Die vryheid van die liberalisme is dus gegrond op die sondige mens en dit word verhoog deur maar net 'n „geestelike uitkyk" by te voeg. Die ware vryheid daarenteen is gegrond op die Goddelike ordinansie en geregtigheid, d.w.s. op Christelikheid in teologiese sin.**

**Dit is die vryheid wat die Ossewabrandwag beoog, en daarom kan hy dan ook sê: „Die Ossewabrandwag wil die beginsels wat die Kerk preek, in die praktyk verwesenlik."**

# Brokkies uit die Buiteland

## DIE VERSKILLENDE OORLOGSFRONTE

Die huidige wêreldoorlog het baie fronte. So is daar in alle oorlogsvoerende lande die ekonomiese front wat daarvoor moet sorg dat daar genoeg voedselvoorrade, grondstowwe, fabrieke en arbeiders is om die oorlog met sukses te kan voer. Aangesien vir elke pond voedselvoorrade, vir elke pond grondstowwe, vir elke fabriek en vir elke arbeider in geld betaal moet word, is daar ook 'n finansiële front. Sir Kingsley Wood, Britse minister van finansies, het in sy jongste begrotingsrede die uitgawe van Brittanje in 1943 op £5,756,000,000 geraam en verklaar dat sy regering sedert die begin van die oorlog die reusagtige bedrag van £8,667,000,000 geleen het. Dit is vir die gewone sterfling gans onmoontlik om hierdie astronomiese syfers van slegs een oorlogvoerende land ook maar enigsins te begryp, al verklaar die minister ook verder dat Brittanje tans £15,000,000 per dag aan die oorlog bestee. **Die huidige oorlog het die Britte reeds meer gekos as al hulle baie oorloë saam gedurende die laaste 150 jaar. Dit bly 'n raaisel hoe hierdie skuld terugbetaal sal word of hoe selfs die rente daarop gevind sal word.**

Dan is daar nog baie ander fronte. Daar is b.v. die propagandafront wie se taak dit is om die eie oorwinnings te vergroot en die eie nederlae te verklein, die eie volksmoraal hoog te hou en dié van die vyand te ondergraaf en terselfdertyd om die neutrale wêreld te bearbei. Daar is ook in elke oorlogvoerende land 'n tuisfront met uitgebreide pligte, want die bomwerpervliegtuig het nou eenmaal vir man, vrou en kind tuis die oorlog van bloed en staal 'n aaklige werklikheid gemaak. Dan is daar natuurlik die werklike bloed-en-staalfronte in die lug, bo en onder water en op land in Asië, Afrika en Europa.

### DIE TWEEDE FRONT

Dan is daar nog 'n ander front, reeds genoem 'n tweede front, waaroor baie gepraat en geskryf word en waarop sterk aangedring word, maar wat tot vandag-toe nog nie werklikheid geword het nie. Dit is veral die Bolsjewistiese bondgenoot en sy kommunistiese ondersteuners in alle Geallieerde lande wat aandring op so 'n tweede front op die Europese vasteland. Daar is egter ook diegene wat nie kommuniste is nie wat op so 'n tweede front aandring. So het die pas aangestelde inligtingshoof van die Britse vloot, admiraal sir William James, onlangs in 'n toespraak verklaar „dat hierdie oorlog slegs gewen sal word as ons ons leër op die Vasteland aan wal bring."

Uit hierdie woorde van sir William James mag enige interessante gevolgtrekkings gemaak word. Eerstens, dat 'n hongerblokkade wat gedurende die oorlog van 1914-1918 so beslissend was en waarvan aanvanklik ook in hierdie oorlog so veel verwag was, nie langer beslissend kan wees nie. Tweedens, word toegegee dat 'n Russiese offensief, waarop nog onlangs soveel hoop gevestig was, nie langer die „ware Jakob" is wat beslissing kan bring nie. Derdens, gee sir William James ook toe dat die bombardering van Vastelandse stede uit die lug ook nie die „ware Jakob" is wat beslissend vir die uitslag van die oorlog kan wees nie. Hierdie Brit het dus, miskien onwetend, 'n hele boel wensdenkery die kop ingeslaan toe hy verklaar het dat alleen die landing van 'n Brits-Amerikaanse leër op die Europese vasteland hierdie oorlog kan wen.

Sir William James het in hierdie toespraak verder verklaar dat „by Dieppe, wat 'n baie sorgvuldig geplande onderneming was, het ons gesien hoe 'n paar goed-geplaaste kuskanonne 'n amfibiese operasie kan verydel." Die admiraal gee dus vandag toe dat die Britse aanval op Dieppe van verlede jaar „'n baie sorgvuldig geplande onderneming was" en hiermee verwerp hy die Britse bewering van destyds, nl. dat die Dieppe-affêre maar 'n soort van „Commando raid" was wat nou nie eintlik te ernstig opgeneem behoort te word nie. Voorts gee hy toe dat „'n paar goed geplaaste kuskanonne 'n amfibiese operasie kan verydel". Hy waarsku dus die Geallieerdes teen iets wat eintlik vanselfsprekend behoort te wees. As die hele militêre mag van die destyds magtige Frankryk, saam met dié van België en Holland, saam met 'n sterk Britse ekspedisie-leër en met behulp van die beroemde Maginotlinie nie in staat was om in 1940 die Duitser te verslaan en die Britte in Europa te hou nie, dan lyk dit baie onwaarskynlik dat 'n Britse leër in 1943 sonder vastelandse bondgenote en sonder die ander genoemde gunstige voorwaardes, daarin sal kan slaag om te land en om hom op die Vasteland te handhaaf. Daar moet immers met die waarskynlikheid rekening gehou word dat die weskus van Europa intussen sterk teen 'n inval verdedig is. Daar moet ook met die moontlikheid rekening gehou word dat daar vandag in die besette lande minder mense is wat met die Geallieerdes sal saamwerk as in 1940. Word ons van Britse kant dan nie herhaaldelik vertel van „Quislings" soos Laval wat met die Spilmagte saamwerk nie? Nee, soos sake vandag staan, lyk 'n suksesvolle Geallieerde inval in Europa alleen moontlik as die Spilmagte aan die Russiese front meer gebloei het as wat algemeen aangeneem word.

### RUSSIESIE DRUK

Met die koms van lente en die moontlike verhewiging van die stryd in Rusland is dit waarskynlik dat die geroep om 'n tweede front onder die Bolsjewistiese bondgenote harder sal word as ooit tevore. Sal Amerika en Brittanje gehoor gee aan hierdie noodkreet of sal hierdie bondgenote weer handel soos in 1942 toe hulle in plaas

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

van in Europa in Frans-Noord-Afrika geland het? Daar sal van Bolsjewistiese kant in 1943 waarskynlik geweldige druk op Roosevelt en Churchill uitgeoefen word. Die Russiese gesant in Washington het reeds sy stem laat hoor toe hy onlangs gekla het dat onder die Geallieerdes diegene is wat nie hulle volle gewig in die stryd werp nie. Vir die eindoorwinning in Europa is 'n tweede front van die allergrootste belang. „Hierdie oorlog sal slegs gewen word as ons ons leër op die Vasteland aan wal bring" het admiraal James verklaar, Hy kon bygevoeg het „en daar hou".

BASAAR!!!

DIE MANNE- EN VROUE-KOMMANDO'S VAN TIERVLEI HOU D.V. 'N BASAAR TE

TIERVLEI
(om 3-uur n.m.)

OP DIE TERREIN LANGSAAN VELDKT. DU BOIS (HAARKAPPER) SE BESIGHEID.

OPBRENGS IS TER
Stywing van Fondse
VIR 8 AUGUSTUS.

ALLE OMLIGGENDE KOMMANDO'S EN AFRIKANERVRIENDE WORD HARTLIK UITGENOOI.

DIE BEELD....
Met Die Voete van Klei
'N TEKENING GEBASEER OP DANIEL II EN VII.
HIERIN WORD AANGETOON DAT NASIONAAL-SOSIALISME DIE REGERINGSVORM VAN DIE TOEKOMS is.

1/- Posvry.

P. A. BOULOGNE
P.K. SHANNON oor BLOEMFONTEIN.

VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.
3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.
2½% Rente op Beleggingssertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.
2% Rente op Spaarrekeninge.

Volkskas (Koöp.) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA.

ARBEIDSAAMHEID

Die Volk se Bank.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
[illegible], GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

ONDERSTEUN ONS BLAD

# SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar. *Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwe-fonds £113,000

**Hoofkantoor:**
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

# Schoemanello Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **JENEVER** | 7/6 | 6/6 | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsendinug. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN

Posbus 142. Oudtshoorn.

Ondersteun Ons Adverteerders!


# „Mis dit 'n Bok, Tref dit 'n Man"

## Jagparty Waaraan O.B. nie Wil Deelneem

**In een van sy boeke het 'n Afrikaanse skrywer vertel hoe hy 'n jagparty van 'n kafferkaptein bygewoon het. Met groot gebaar is die jagtog begin en omring van sy lofbetuigers het die kaptein met geweer in die hand stelling gaan inneem op die plek waar die wild deur sy onderdane uitgejaag sou word.**

In vaste kring het die jaers die wild al nader en nader aan die kaptein met sy groepie gebring totdat almal eindelik onder skoot was. Die kaptein het daarop in wilde vaart begin losbrand op wat voor hom beweeg, vergesel van die lofbetuigings van sy omstanders, wat die trefvermoë van hul kaptein besing het „wie se koeëls nooit mis nie, want tref dit nie 'n bok nie, tref dit 'n man!"

Dit het gebeur in die afgeleë kafferland en daarom speel daar 'n glimlag om die mond wanneer 'n mens dit lees. **En tog gebeur hierdie ding al vir die afgelope dertig jaar in ons eie land, en gaan dit vanjaar weer gebeur indien daar 'n verkiesing sou kom.**

Daar word tot die stryd teen volksbedreigings opgeroep en die hele Afrikanerdom word opgevorder om aan die jagtog by die stembus te gaan deelneem. Indien daar nou net één volksfront was, net één linie van waaruit die vyand beskiet kon word, sou al die koeëls ten minste die kans gehad het om vyande te tref — die uitwerking van so 'n raakskoot nou maar daargelaat. Dan was daar geen gevaar dat die koeël wat vir die vyand bedoel was, 'n mede-Afrikaner kon tref nie. Sonder so 'n eenheidsfront gaan daar minstens twee partye teen die vyand optrek **en in menige kiesafdeling gaan hulle teenoor mekaar lê en skiet, en die optimistiese volksangers sal dan kan sing van koeëls „wat nooit mis nie — tref dit nie die vyand nie, tref dit 'n mede-republikein".**

**Aan so 'n jagparty weier die Ossewabrandwag om deel te neem, en daarom stel hy die eis aan die partyleiers: Staak die stryd, vind mekaar voor die verkiesing en laat ons 'n verenigde volksfront toon, sodat elke Afrikanerkoeël 'n vyand kan tref en nie 'n mede-republikein nie. Drie groepe het hulle bereid verklaar vir so 'n front. Die volk wag op die vierde — die H.N.P.**

## VERJAARDAGKETTING

Hierdie keer wil ek julle vertel hoe een van ons makkertjies hom beywer in verband met die Noodhulpfonds. Hy is Roelie van Eck van Stellenbosch wat al baie hard gewerk het met pennies om geld in te samel vir die makkertjies wie se vaders in die kampe en tronke sit. Hy skryf dat hy ook drie hoenderhenne het en al die eiers wat hulle lê, verkoop hy vir die Noodhulpfonds. Hy dink dit is om dié rede dat hulle so fluks lê. Hy is van plan om nog baie te doen vir sy volk.

Die volgende makkertjies verjaar hierdie week:

**22 April:**— Pieter Alixander Coetzee (Lindley); Martha Magdalena Vermaak (Holland Park).

**23 April:**— H. A. du Plessis (Stellenbosch); Lukas Martinus Heyns (Sutherland); Albert Thomas Minnie (Sidwell).

**27 April:**— Magrietha Retief Botes (Merweville).

**28 April:**— Ita Wagener (Ceres); J. J. de Wet (Stellenbosch).

## VOLKE BETAAL SELF VIR HUL ONDERWERPING

Volgens verklaring van die Minister van Finansies het die Unie totsover £3,799,000 aan pensioene uitbetaal aan mense wat aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het. Oudstryders, d.w.s. Boere wat vir die Republieke geveg het, het hiervan slegs £279,000 ontvang. Die res is natuurlik na die sakke van mense wat aan die kant van die veroweraar geveg het.

In Indië moet die Indiese volk ook betaal vir die Britse leër wat hulle verower of in onderwerping hou.


## WAPENSKOU BEHANDEL NATURELLEVRAAGSTUK

O.B.-lede wat hulleself graag op die hoogte wil stel met betrekking tot die naturellevraagstuk word sterk aangeraai om die naturellevraagstuk-nommer van Wapenskou, wat so pas verskyn het, aan te skaf. Wapenskou is die amptelike orgaan van die A.N.S., en dien ook as publikasiemedium vir die studie- en beleidstukke van die O.B.-studielaers, onder leiding van prof. L. J. du Plessis. In die jongste nommer word die oplossing van die naturellevraagstuk ooreenkomstig die Afrikanerstandpunt van apartheid deur drie Stellenbosse deskundiges, t.w. drr. Coertze, Language en Van Eeden, uiteengsit.

Ander belangwekkende artikels in die jongste Wapenskou is dr. P. J. Meyer se „Arbeidsordening binne die volksbeweging, en volkstaat," die volledige memorandum wat deur die sinodale kommissie van die N.G. Kerk van S.A. i.v.m. kommunisme in S.A. aan die betrokke minister voorgelê is, dr. F. J. M. Potgieter: „Wat is die Calvinisme?", adv. O. Pirow: „Die revolusie van die 20e eeu," ens.

Enkele nommers van Wapenskou kan bestel word by die Pro Ecclesia-drukkery, Die Laan, Stellenbosch, teen 1/6 per eksemplaar. Die intekengeld vir 'n volle jaargang is 5/-.


*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*



SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die volgende in:

Gratis sleepdiens. Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies. V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag. Snelle afleweringsdiens. Padverslae, Pad- en roetekaarte. 'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKSBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.




BOERENDE BOERE EN STEDELIKE VERBRUIKERS SLUIT NADER BY MEKAAR AAN —

stuur u produkte en vee aan u eie bemarkingsorganisasie. Ons lewer reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe gees . . . As u ons dienste eenmaal getoets het, sal ons u steun blywend verwerf.

VOLKSKOPER MARK BPK.

Môremark
Foon 34-1442
JOHANNESBURG
Newtown
Wolhuterst. 62

*Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.**

**Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in..............................

Naam..............................

Adres..............................

(O.B. 21 April 1943) ..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

